‘n Studie van die funksie van die wet in die Nuwe Testament met betrekking tot regverdigmaking en heiligmaking

deur

Mechiel Christiaan Adendorff

Skripsie

Voorgelê om gedeeltelik te voldoen aan die vereistes

vir die graad Baccalaureus Theologiae

in die Departement Nuwe Testament

aan die

Afrikaanse Protestantse Akademie

onder leiding van

prof. dr. GDS Smit

2010

‘n Studie van die funksie van die wet in die Nuwe Testament met betrekking tot regverdigmaking en heiligmaking

deur

Mechiel Christiaan Adendorff

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1 1
Inleiding 1
Probleemstelling 1
Metodiek 2
Doelstelling 2
Hipotese 2
Hoofstuk 2 9
Die Wet in die Ou Testament 9
Regsperspektiewe in die Ou Testament 9
Exodus 20:1-17 – Die Tien Gebooie 11
Levitikus 19 15
Die Wet in die prediking vandag 20
Gevolgtrekking 22
Hoofstuk 3 25
Christus se uitsprake oor die Wet 25
Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul 25
Gevolgtrekking 28
Hoofstuk 4 30
Die Wet in die Brief aan die Romeine 30
Romeine 1:16-17 30
Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God 34
Regverdigmaking deur die geloof alleen 37
Regverdigmaking is nie los van heiligmaking nie 39
Vry van die Wet 42
Die volmaaktheid en die swakheid van die Wet 44
Vryheid om werklik te dien 50
Gevolgtrekking 51
Hoofstuk 5 55
Samevatting 55
Die Wet in die Ou Testament 55
Christus se uitsprake oor die Wet 55
Die Wet in die brief aan die Romeine 55
Gevolgtrekking 57
Opsomming 58

Summary 59
Bibliografie 60

Hoofstuk 1

Inleiding

Probleemstelling

Watter plek het die Wet in die lewe van ‘n Christen? Dit is die vraag wat in hierdie studie ondersoek word. Regverdigmaking en heiligmaking word as fokuspunte uitgesonder, aangesien dit gewoonlik ‘n wanbegrip in verband met een of altwee van hierdie aspekte van verlossing is wat veroorsaak dat mense gehoorsaamheid aan die Wet óf verkeerd wil gebruik (as weg tot regverdigmaking, of om die oortreding daarvan tot God se eer te wil aanwend[1]), óf dit afmaak as iets wat onnodig is.

Wanneer ‘n mens die vraag vra: *Móét ‘n Christen die Wet gehoorsaam wees?*, kan ‘n “ja” en ‘n “nee” die regte antwoord wees, afhangend van hoe ‘n mens die vraag verstaan. ‘n Oorvereenvoudiging van die regte antwoord op die vraag sal wees: *in terme van regverdigmaking: nee! In terme van heiligmaking: ja!* Wanneer ‘n mens nie onderskeid tussen regverdigmaking en heiligmaking maak, wanneer hierdie vraag beantwoord word nie, is daar eindelose onnodige argumentering wat ontstaan. J.C. Ryle skryf die volgende ná ‘n uiteensetting van die ooreenkomste en verskille tussen regverdigmaking en heiligmaking:

> *“I commend these distinctions to the attention of all my readers, and I ask them to ponder them well. I am persuaded that one great cause of the darkness and uncomfortable feelings of many well-meaning people in the matter of religion is their habit of confounding, and not distinguishing, justification and sanctification. It can never be too strongly impressed on our minds that they are two separate things. No doubt they cannot be divided, and every one that is a partaker of either is a partaker of both. But never, never ought they to be confounded, and never ought the distinction between them to be forgotten.” Ryle (1879:30)*

Daarom gaan daar in hierdie studie telkens onderskei word tussen die rol van die Wet in terme van regverdigmaking en die rol van die Wet in terme van heiligmaking. Aandag sal

---

[1] Rasputin, het geleer dat ‘n mens se sonde God verheerlik, daarom moet ‘n mens meer sonde doen, sodat God meer verheerlik kan word. MacArthur (2000:93)

ook gegee word aan hierdie onderskeid en verhouding tussen regverdigmaking en heiligmaking, aangesien dit nodig is om dit vas te stel, voordat daar gekyk word na wat die funksie van die Wet is in terme van beide.

Metodiek

Hierdie is hoofsaaklik ‘n eksegetiese ondersoek, waaraan die hipotese gemeet en geskaaf gaan word.

In Hoofstuk 2 gaan daar na sekere Ou-Testamentiese tekste gekyk word (Exodus 12, 20, 21 en Levitikus 19) met die oog op die verstaan van die bedoeling van die Wet in daardie tekste en ook om ondersoek te doen hoe ‘n mens daardie tekste vandag in die Nuwe-Testamentiese kerk sal preek.

In Hoofstuk 3 gaan daar na die Here Jesus Christus se lering oor die Wet gekyk word. Spesifiek na sy uitspraak dat Hy gekom het om die Wet te vervul.

In Hoofstuk 4 gaan daar gekyk word na die Wet in die brief aan die Romeine.

Doelstelling

Die doel van hierdie studie is om ‘n Bybelse perspektief te kry op die verhouding tussen Wet en Evangelie, met die oog daarop om te verstaan wat die funksie van die Wet vir die Nuwe-Testamentiese gelowige is. Die titel van die studie wys waarop die klem val, naamlik regverdigmaking en heiligmaking. Die twee groot vrae is dan:

- Gebruik ek die Wet om myself vir God aanvaarbaar te maak, of om op te maak vir my sonde? (Regverdigmaking)
- Kan die Wet my help om heilig te word in my gedagtes, woorde en dade? (Heiligmaking)

Hipotese

Die onderskeid en verhouding tussen regverdigmaking en heiligmaking

Met die oog daarop om dit duidelik te definieer en te onderskei, volg ‘n uiteensetting van Ryle (1879:29-30) aangaande die ooreenkomste en die verskille tussen regverdigmaking en heiligmaking.

Ryle stel die volgende vraag: In watter opsig kom regverdigmaking en heiligmaking ooreen?

a. Beide spruit voort vanuit die vrye genade van God. Regverdigmaking en heiligmaking is God se gawe aan die gelowige.
b. Beide vorm deel van die groot verlossende werk van Christus, wat Hy ter wille van sy uitverkorenes uitgevoer het. Christus is die fontein waaruit alle vryspraak en heiligheid vloei. Christus is die wortel daarvan.
c. Beide is in dieselfde mense te vinde. Wanneer God iemand regverdig maak, maak Hy hulle ook heilig. Dit is onskeibaar.
d. Beide begin op dieselfde tydstip. Die oomblik wanneer iemand geregverdig word, begin hulle om ‘n geheiligde persoon te wees, ongeag of die persoon dit voel of nie.
e. Beide is noodsaaklik vir verlossing. Niemand gaan die ewige lewe in sonder om vergewe én vernuwe te wees nie, sonder die genade van die Heilige Gees én die bloed van Christus, sonder die geskiktheid vir ewige glorie én die titel daarvan.

Daarna gaan Ryle (1879:29-30) voort om die verskille tussen regverdigmaking en heiligmaking aan te toon:

a. Regverdigmaking is wanneer ‘n mens as regverdig gereken word, ter wille van Jesus Christus. Heiligmaking is wanneer iemand self innerlik regverdig word, selfs al is dit nie volmaak nie.
b. Die regverdigheid wat iemand verkry deur regverdigmaking is nie sy eie nie, maar die ewigdurende regverdigheid van Jesus Christus, wat aan hom geskenk word deur die geloof. Die regverdigheid wat deur die heiligmaking verkry word is die gelowige se eie regverdigheid, wat deur die krag van die Heilige Gees in hom gewerk word.
c. ‘n Persoon se werke het geen plek in regverdigmaking nie, dit word alleen deur die geloof verkry. ‘n Persoon se werke is van groot belang wanneer dit by heiligmaking kom. Die Here roep ons op om te stry, te waak, te bid, op te offer en te werk.
d. Regverdigmaking is ‘n afgehandelde en volkome werk – ‘n mens is volkome geregverdig die oomblik wanneer hy tot geloof kom. Heiligmaking is ‘n onafgehandelde werk en sal nie voltooi wees totdat die persoon die ewigheid betree nie.
e. Daar is geen sprake van toename of groei by regverdigmaking nie – ‘n mens is net

soveel geregverdig die oomblik wat hy hom tot Christus wend as wat hy in alle ewigheid sal wees. Heiligmaking is ‘n progressiewe werk en daar is sprake van groei en toename vir so lank as wat die persoon hierdie lewe leef.

f. Regverdigmaking het betrekking op iemand se persoon en status in God se oë, dit is verlossing van sondeskuld. Heiligmaking het betrekking op die persoon se natuur – dit is die (morele) vernuwing van die hart.
g. Regverdigmaking gee iemand die reg om die ewige lewe in te gaan, dit gee aan hom die vrymoedigheid om in te gaan. Heiligmaking maak iemand geskik vir die ewige lewe en berei die persoon voor om dit te geniet wanneer hy daar uitkom.
h. Regverdigmaking is ‘n daad van God aangaande iemand en is nie maklik deur ander mense waarneembaar nie. Heiligmaking is die werk van God in iemand en die manifestering daarvan kan nie maklik weggesteek word nie. (tot sover Ryle)

Met hierdie onderskeid en verhouding tussen regverdigmaking en heiligmaking in gedagte, word daar nou oorgegaan na die funksie van die Wet vir beide.

Die funksie van die Wet in terme van regverdigmaking

As dit kom by regverdigmaking, gaan dit oor hoe, of op grond waarvan, iemand as regverdige mens voor God kan staan? Dit gaan oor sy posisie of status voor God: is hy ‘n sondaar of ‘n regverdige? In hierdie studie gaan dit dan in hierdie opsig oor hoe, indien moontlik, iemand die Wet kan gebruik om as ‘n regverdige voor God te staan?

Volgens die Nomisme is die saligheid te verdien deur gehoorsaamheid aan God se gebooie. Regverdigmaking is dus van heiligmaking afhanklik. Die goeie werke van die mens is ‘n gawe van die mens aan God en verplig Hom tot ‘n weergawe. Christus se werk is dan om die moontlikheid tot verdienste oop te sluit, maar die verdienste hang van die mens self af. Christus se verdienste moet deur die mens se verdienste aangevul word. (Christelijke Encyclopedie 1960:225)

Die eerste funksie van die Wet[2] is om vir die van-God-vervreemde mens te bevestig wat

[2] Die *usus politicus* (waar dit gaan om die gebruik van die Wet as imperatief vir ordelike bestaan in die samelewing (Heyns 1970:93)) vorm nie deel van hierdie studie nie, omdat dit te make het met die openbare lewe en dit nie noodwendig ‘n verhouding met God impliseer nie. Hierdie studie hou hom besig met die funksie van die Wet soos dit in die lewe van ‘n gelowige uitwerk. Die werk van die Wet in terme van regverdigmaking vir die gelowige moet rekening hou met die Wet se funksie vóór die gelowige tot bekering gekom het, daarom word die *usus paedagogicus* behandel.

Opsomming

Hierdie is ‘n studie van die funksie van die Wet vir die Nuwe-Testamentiese gelowige in terme van regverdigmaking en heiligmaking.

Watter funksie die Wet in terme van regverdigmaking en heiligmaking het, is in die Ou- en Nuwe Testament ondersoek. Daar is gekyk na die rol van die Wet vir Israel in die Ou Testament. Daarna is Christus se uitspraak oor sy vervulling van die Wet bestudeer om te bepaal of die Wet ná die koms van Christus verval het. Daarna is gedeeltes uit die brief aan die Romeine bestudeer om te bepaal watter rol die Wet vir gelowiges se regverdigmaking en heiligmaking het.

Daar is bewys dat geen mens deur die werke van die Wet geregverdig sal word nie en daarom kan die Wet geen mens se regverdigmaking bewerk nie, maar redding is alles uit genade en deur die geloof.

Daar is bewys dat die geregtigheid wat in die Wet geleer word, steeds op die Nuwe-Testamentiese gelowige van toepassing is, maar dat die gelowige dit nie kan vervul sonder die kragtige werking van die Heilige Gees nie.

Summary

This is a study of the function of the Law in terms of justification and sanctification for the New Testament believer.

How the Law functions in terms of justification and sanctification, was studied in both the Old and the New Testament. How the Law functioned with regard to Israel was studied in the Old Testament. A study was also done on what Christ meant when He said that He came not to abolish the Law, but to fulfill it. Paul's letter to the Romans was studied in order to answer how the Law functions for the believer's justification and sanctification.

It was found that no human can be justified by the works of the Law and therefore the Law cannot justify any sinner. Redemption is by grace through faith.

It was also found that the righteousness which is taught in the Law still applies to the New Testament believer, but that the believer cannot fulfill the just requirement of the Law apart from the work of the Holy Spirit.

Bibliografie

Calvyn, J. (s.j.). *Johannes Calvijn institutie* (Vol. III), vertaal deur A. Sizoo. Delft: Naamloze Vennootschap W. D. Meinema.

Carson, D. A. (1999). *Jesus' Sermon on the mount.* Grand Rapids: Eerdmans

De Silva, D. A. (2004). *An Introduction to the New Testament.*Nottingham: Apollos

Deist, F. (1986). *Woorde wat ver kom* (Vol. I). (W. Vorster, Red.). Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers

Doriani, D. M. (2008). *Reformed Expository Commentary - Matthew.* Phillipsburg: P & R Publishing.

Durham, J. I. (1987). *Word Biblical Commentary* (Vol. III). (B. M. Metzger, & J. D. Watts, Reds.) Colombia: Word, Inc.

Gibson, et al. (2006). *Preaching the Old Testament.* (S. M. Gibson, Red.) Grand Rapids: Baker Books

Gispen, W. H. (1950). *Commentaar op het Oude Testament.* (J. Ridderbos, G. C. Aalders, & W. H. Gispen, Reds.) Kampen: N.V. Uitgeversmaatschappij.

Goldsworthy, G. (1991). *According to plan.* Nottingham: Inter-varsity Press.

Grosheide, F. W. (1954). *Commentaar op het Nieuwe Testament.* (S. Greijdanus, & F. W. Grosheide, Reds.) Kampen: N.V. Uitgeversmaatschappij.

Grosheide, F. W., & van Itterzon, G. P. (Reds.). (1958). *Christelijke Encyclopedie* (2nd uitg., Vol. III). Kampen: J.H. Kok.

Grosheide, F. W., & van Itterzon, G. P. (Reds.). (1960). *Christelijke Encyclopedie* (Vol. V). Kampen: J.H. Kok.

Hartley, J. E. (1992). *Word Biblical Commentary* (Vol. IV). (B. M. Metzger, & J. D. Watts, Reds.) Colombia: Word, Inc.

Hendriksen, W. (1973). *New Testament Commentary - Matthew.* East Preoria: Versa Press Inc.

Hendriksen, W. (1980). *New Testament Commentary - Romans* (Vols. I - Hooftukke 1-8). Southampton: The Banner of Truth Trust.

Heyns, J. A. (1970). *Die nuwe mens onderweg.* Cape Town: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

Hill, A. E., & Walton, J. H. (1991). *A Survey of the Old Testament* (2nd uitg.). Zondervan.

House, P. R. (1998). *Old Testament Theology.* Illinois: Inter-Varsity Press.

Ladd, G. E. (1975). *A Theology of the New Testament.* Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Lategan, B. (s.j.). *Handleiding by die Nuwe Testament* (Vol. V). Kaapstad: NGKB

Lems, S. (30 Maart 2009). *The Uses of the Law*. The Reformed Reader: http://reformedreader.wordpress.com/2009/03/30/the-uses-of-the-law/ Toegang: 24 Junie 2010

Lloyd-Jones, M. (1976). *Studies in the Sermon on the Mount.* Michigan: Wm. B. Eerdmans.

Louw, J. P., & Nida, E. A. (1989). *Greek-English Lexicon of the New Testament based on Semantic Domains.* New York: United Bible Societies.

MacArthur, J. (2000). *The Gospel According to the Apostels.* Nashville, Tennesee: Thomas Nelson.

MacArthur, J. F. (1991). *The MacArthur New Testament Commentary - Romans 1-8.* Chicago: Moody Publishers.

Morris, L. (1986). *New Testament Theology.* Michigan: Academie Books.

Morris, L. (1988). *The Pillar New Testament Commentary - The Epistle to the Romans.* Grand Rapids: Wm. B. Eerdmans.

Motyer, A. J. (2005). *The Message of Exodus.* Nottingham: Inter-Varsity Press.

Nolland, J. (2005). *The Gospel of Matthew - A Commenraty on the Greek Text.* Michigan: Wm.B. Eerdmans.

Ryle, J. (1879). *Holiness* (Reprint 1979). Durham, England: Evangelical Press.

Spurgeon, C. H. (1979). *The Metropolitan Tabernacle Pulpit* (Vol. XI). Pasadena: Pilgrim.

Stott, J. (1994). *The Bible Speaks Today - The Message of Romans.* Nottingham: Inter-Varsity Press.

Thielman, F. (2005). *Theology of the New Testament.* Michigan: Zondervan.

Tidball, D. (2005). *The Message of Leviticus.* Nottingham: Inter-Varsity Press.

Wenham, G. J. (1979). *The New International Commentary on the Old Testament.* Michigan: Eerdmans Publishing.